

Huldigingswoord

T F J Dreyer

Hoof: Hervormde Teologiese Kollege

Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

Prof Piet Geyster se betrokkenheid by die Fakulteit Teologie strek oor 'n periode van bykans dertig jaar vanaf 1975 tot 2004. Aanvanklik was hy deeltydse dosent in Bybelkunde, later deeltydse dosent in Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Vanaf 1997 tot met sy aftrede was hy senior lektor en sedert 1997 mede-professor in die departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, met opdrag Bybelkunde. Te midde van sy dienswerk as predikant en later as Direkteur van die Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate, getuig sy betrokkenheid by die Fakulteit van sy lewende belangstelling in die teologiese wetenskap.

Piet Geyster beskik oor 'n skerp intellek, 'n besondere insig om groter teologiese verbande raak te sien en ten dienste van die kerk onder woorde te bring. Hy het die aanvoeling om so fyn te formuleer dat moeilike teologiese konsepte ook vir lidmate toeganklik is. Dit is waarskynlik die rede waarom hy uiters geslaagd en gewild was met die aanbieding van lesings, kursusse en seminare. Studente, kollegas en lidmate het graag na Piet Geyster geluister omdat hyself intens kon luister. Sy empatiese betrokkenheid by ander, gekombineer met sy fyn teologiese insig en egte geloof het van hom 'n gewaardeerde raadgewer en pastor gemaak. Hy was 'n kritiese denker wat nie geskroom het om skerp vrae te stel nie, maar op so 'n wyse, dat 'n mens nooit sy solidariteit met die kerk betwyfel het nie.

As kollegas neem ons ook afskeid van 'n gewaardeerde vriend. Sy lojaliteit, belangstelling en gesonde humor het gesorg vir aangename tye en herinneringe. Mag die pad vir hom en Louise vorentoe gelyk wees en mag ons bevoorreg wees om nog vir baie jare kollegialiteit en vriendskap te deel.

Curriculum Vitae: Petrus Albertus Geyser

Skoolopleiding

Matrikuleer 1961 aan die Hoër Seunskool Helpmekaar, Johannesburg.

Universiteitsopleiding

Skryf in aan die Universiteit van Pretoria en behaal aan hierdie universiteit die volgende grade:

1965. BA (Grieks en Semitiese Tale met lof)

1968. BD

1970. BA (Hons met lof) Grieks

199.9 DD in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap met 'n proefskrif getiteld: Die hermeneutiese uitgangspunte in die "nuwe historiese" benadering tot Jesus-studies.

Gemeentes bedien in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1968-1971. Pretoria-Suid (Heeltydse predikant)

1971-1975. Delareyville

1975-1978. Springs

1978-1980. Noordelike Pretoria

1980-1997. In besondere diens: Kerklike Instituut vir die Toerusting van Amspdraers en Lidmate (KITAL).

Lid van Kerklike organisasies, Kommissies en Rade

Raad vir Belydende Jeug

Raad vir Kategese

Proponentseksamenkommissie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (voorsitter)

Kuratorium vir Teologiese Opleiding (voorsitter)

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

Buitelandse ekumeniese betrokkenheid

Gereformeerde Ekumeniese Sinode, 1983, Nice, Frankryk.

Gereformeerde Ekumeniese Sinode, 1984, Chicago, VSA.

Buitelandse argeologiese toere in opdrag van KITAL

Bybellande (Israel, Italië en Griekeland), 1985.

Bybellande (Israel en Egipte) 1986.

Lidmaatskap van vakverenigings

Nuwe Testament Werkgemeenskap van Suid-Afrika.
Jesus Seminar, VSA.

Akademiese en verwante terreine

Redaksie *Hervormde Teologiese Studies*.

Buitelandse navorsingsreise

Jesus Seminar van die Westar Institute, Santa Rosa, Kalifornië, 1997.
Internasionale Symposium, Sozialwissenschaftliche Perspektiven der
Jesusforschung, Evangelische Akademie Tutzing, Duitsland, 1999.

Internasionale konferensies en seminare bygewoon

1997. Jesus Seminar van die Westar Institute, Santa Rosa, Kalifornië.
1999. Internasionale Symposium, Sozialwissenschaftliche Perspektiven der
Jesusforschung, Evangelische Akademie Tutzing, Duitsland.

Doseerloopbaan

1975-1978. Deeltydse dosent, Bybelkunde, Universiteit van Pretoria.
1979-1996. Deeltydse dosent, Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A),
Universiteit van Pretoria.
1997-1998. Senior lektor, Bybelkunde/Nuwe-Testamentiese Wetenskap,
Universiteit van Pretoria.
1998. Mede-professor, Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A), Universiteit
van Pretoria, met opdrag Bybelkunde.
1998. Mede-professor, Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A), Universiteit
van Pretoria, met opdrag Bybelkunde.

Akademiese lesings

Kan die kerk bemark word? – Lesing gehou by die Kerk en Universiteit
Gespreksgroep, Randse Afrikaanse Universiteit, 1992.

Historicity and theology, and the quest for the historical Jesus – Lesing gehou
by die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika,
Universiteit van Port Elizabeth, 1999.

Wetenskaplike navorsing en publikasies

Artikels in geakkrediteerde tydskrifte

1967. Die uitverkiesingsleer en die sendingverkondiging. *HTS* 23(4), 92-107.
1983. Dien die eksegeese nog die verkondiging? *HTS* 38(4), 3-10.
1985. Die relasionele waarheidsbegrip en die Christelike lewe – die sinodale rapport van die GKN. *HTS* 41(1), 119-129.
1989. Prof dr F J van Zyl se Skrifbeskouing. *HTS* 45(2), 253-262.
1999. Bronne vir Jesus-studies. *HTS* 55(1), 3-21.
1999. Nuwe Testament-geskrifte as kanon: Die vraag na 'n uitgebreide databasis vir historiese-Jesus ondersoek. *HTS* 55(2 & 3), 510-532.
1999. Historicity and theology, and the quest for the historical Jesus. *HTS* 55(4), 827-844.
2000. Waarom Jesus-studies? *HTS* 56(1), 63-83.
2000. Hermeneutiese uitgangspunte in historiese-Jesus navorsing: Sosiaal-wetenskaplike vooronderstellings. *HTS* 56(2 & 3), 527-548.
2000. Hermeneutiese uitgangspunte in historiese Jesus navorsing: Metodologiese vooronderstellings. *HTS* 56(4), 1146-1170.
2001. Die Jesus van die geskiedenis: Hermeneutiese uitgangspunte in die ondersoek van J P Meier. *HTS* 57(1 & 2), 230-246.
2001. Die Jesus van die geskiedenis: J P Meier se Jesus-profiel krities bekyk. *HTS* 57(3 & 4), 1179-1212.
2002. Bybelse getuienis oor homoseksualiteit – met ander oë gesien. *HTS* 58(4), 1655-1677.

Bydraes in boeke en bundels

1984. *Bybelstudie: 1 Petrus*. Pretoria: KITAL.
1999. In gesprek met die ander twee Afrikaanse Kerke, in Van Wyk, D J C (red), *20ste eeu Hervormde Teologie*, 314-321. Pretoria: SENTIK.
- Redakteur en mede-outeur van die reeks kategesehandboeke van die Nederduitsch Hervormde Kerk, 1986/1987: *Met hart en hand* 1-9; *Leer hulle* 1-9.

Publikasies: gepopulariseerde teologie

- Teologiese Rubriek, *Die Hervormer*, 12 bydraes.
- Bybelstudiereeks 1 Timoteus, *Die Hervormer*, 11 aflewings.

Kursusse

Kursusse ontwerp en geskryf vir die werk van:

- ouderlinge
- diakens
- jeug
- lidmaattoerusting.

Gepubliseerde artikels in kerklike tydskrifte

Rubriek: Woorde en hul geheime, *Die Hervormer*, 72 bydraes.

Vraerubriek, *Die Hervormer*, 7 bydraes.

Artikels oor die ekumene, *Die Hervormer*, 25 bydraes.

Artikels oor die kategese, *Die Hervormer*, 3 bydraes.

Arikels van algemeen kerklike belang, *Die Hervormer*, 51 bydraes.